Taalregte van álle minderheidstale slegs op papier erken

16 Februarie 2022

Leopold Scholtz

Dr. Leopold Scholtz. Foto: Reint Dykema.

Artikel 6(1) van die Suid-Afrikaanse Grondwet – deel van Hoofstuk 1, die "Grondliggende bepalings" – noem die 11 tale wat die status van "amptelike tale" geniet. Onder hulle word ook Afrikaans genoem.

Artikel 6(2) bepaal: "Gesien die historiese inkorting van die gebruik en status van die inheemse tale van ons mense, moet die staat praktiese en daadwerklike maatreëls tref om die status van dié tale te verhoog en hul gebruik te bevorder." Artikel 9(3) verbied diskriminasie op 'n aantal gronde, onder meer taal.

Artikel 29(2) voeg hieraan toe: "Elkeen het die reg om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is. Ten einde doeltreffende toegang tot en verwesenliking van hierdie reg te verseker, moet die staat alle redelike alternatiewe in die onderwys, met inbegrip van enkelmediuminstellings, oorweeg…"

Artikel 30 gee aan elkeen die reg om "die taal van eie keuse te gebruik en om aan die kulturele lewe van eie keuse deel te neem", solank dit nie "onbestaanbaar" met die Handves van Regte is nie. In die daaropvolgende artikel – 31 – kry almal die reg om saam met ander lede van hul gemeenskap "hul kultuur te geniet, hul godsdiens te beoefen en hul taal te gebruik", en om "kultuur-, godsdiens- en taalverenigings te vorm".

Kortliks gestel is dit die regte wat Afrikaanssprekendes van alle kleure en geure kragtens die Grondwet geniet. In 'n grondwetlike demokrasie, soos dié waarop die ANC/SAKP aanspraak maak, sou jy dus verwag dat die regte sonder meer nagekom word.

Dit is egter nie die geval nie. In die praktyk word talle regte slegs op papier erken, maar in die praktyk óf sleg, óf net gedeeltelik, óf glad nie toegepas nie. Onder sulke regte val ook die taalregte van álle minderheidstale in ons land, met inbegrip van die swart tale en Afrikaans.

In die praktyk het Engels die enigste amptelike taal van Suid-Afrika geword. Dis prakties die enigste taal wat in die parlement gehoor word; dis eintlik die enigste taal waarin die staatsdiens na binne en buite kommunikeer. En in die private sektor, waar Engels tradisioneel in elk geval die kitaar slaan, bestaan Afrikaans byna nie.

Dis belangrik om dié saak ook uit die oogpunt van die ANC/SAKP te bekyk – altans as jy wil verstaan waarom sake is soos hulle is.

Allereers: Vir die ANC/SAKP is Afrikaans, al is dit slegs onwillekeurig, die taal van apartheid. Die amptenare en politici wat apartheid op voetsoolvlak afgedwing het, het dit in Afrikaans gedoen.

In reaksie het die ANC/SAKP, in ooreenstemming met wat koloniale bevrydingsbewegings elders in Afrika gedoen het, na Engels as gemeenskaplike taal gegryp, net soos Frans en Portugees die tale in die gewese Franse en Portugese kolonies geword het.

Dit herberg verskeie ironieë. Ten eerste kan ’n mens jouself met reg afvra of jy wérklik tussen jou ore vry kan wees as jy gedwing word om gedurig in ’n ander man se taal te kommunikeer, selfs al is dit nie jou huistaal nie en moet jy meer moeite doen om jou bedoeling duidelik te maak.

Immers, selfs vir iemand soos ek voel dit kunsmatig om in Engels te praat of te skryf, en ek ag myself behoorlik in staat om in Engels te kommunikeer. Dis eenvoudig nie dieselfde as in my moedertaal nie.

Dis in dié omstandighede dat die ANC/SAKP maar bly karring aan Afrikaanssprekendes se taalregte. Die jongste is dat die departement van basiese onderwys staatskole se mag wil wegneem om self hul taalbeleid te bepaal en dit in die hande van die provinsiale regerings te plaas.

Kragtens die beplande Wysigingswetsontwerp op Basiese Onderwys kry die provinsiale onderwyshoofde die “finale gesag” oor skole se taalbeleid. Die onderwyshoofde word verplig om toe te sien dat die taalbeleid die “breër gemeenskap” dien.

Ons ken mos teen dié tyd al die ANC/SAKP. Wat hier bedoel word, is eenvoudig dat die provinsiale regering elke skool kan dwing om Afrikaans af te skaal of volledig af te skaf en met Engels te vervang.

Ek is geen staatsregsgeleerde nie, maar in my onkunde sou ek reken die konsepwet druis regstreeks in teen artikel 29(2) van die Grondwet, wat vroeër in dié analise aangehaal is. Dit druis ook in teen die algemene gees van die Grondwet, ingevolge waarvan Afrikaans se regte nie verminder is nie, maar waar die ander tale se regte juis vermeerder is.

Gemeenskapsorganisasies soos die Afrikaanse Taalraad, Solidariteit en AfriForum moet hulle dus solank maar begin voorberei om die ANC/SAKP hof toe te vat. Ons kan nie toelaat dat die regering ongestraf hiermee wegkom nie.

Ás Afrikaans dan uiteindelik aan die kortste end moet trek, laat dit dan, soos my oom altyd gesê het, “nie sonder ’n helse faait” wees nie.

Daar is nog meer ironieë aan die saak verbonde.

Die een is dat Afrikaans nooit eksklusief die taal van die Afrikaners was nie, al moet hier bygesê word dat talle Afrikaners hulle op die hoogtepunt van hul mag wel só gedra het. Afrikaans behoort net soveel aan die bruin Afrikaanssprekendes as aan sy wit sprekers.

As jy Afrikááns teiken, teiken jy ook die bruin mense. Nie dat dit vir die ideologies besetenes in die regering werklik saak maak nie; al wat saak maak, is die ideologie dat Engels eenheid bring en Afrikaans verdeeldheid.

Nog ’n ironie is dat die ANC/SAKP se skaamtelose en ongrondwetlike bevoordeling van Engels ook die swart mense tref. Luister maar na hulle op straat: As hulle hul eie tale praat, dans en dartel dit. As hulle Engels moet praat, het hulle loodvoete – dit sukkel behoorlik.

Bowendien is daar verskeie internasionale pedagogiese studies wat onomwonde bewys dat kinders wat in hul moedertaal onderrig word, beter vaar as dié wat in ’n ander taal onderwys ontvang. Sulke studies is veral gedoen in veeltalige lande – onder andere Kanada, België en Switserland – en dit is nie vir tweërlei uitleg vatbaar nie.

Dus, ook in Suid-Afrika is dit noodsaaklik dat Afrikaanse kinders, wit en bruin, in Afrikáánse skole kan wees. En, wat meer is, dit raak tyd dat die ANC/SAKP afstand doen van sy aanbidding van Engels, en ook swart kinders tot op matriekvlak in staat stel om in húl moedertale onderrig te ontvang.

Maar nou ja, logika en gesonde verstand was nog nooit deel van die ANC/SAKP se geestelike mondering nie. Dit lyk vir my of daardie *helse faait* onherroeplik op ons wag.

Hierdie plasing is deur ’n onafhanklike persoon of onderneming saamgestel. Die menings en standpunte wat in hierdie skrywe uitgespreek word, is nie noodwendig die beleid of standpunt van Maroela Media se redakteurs, direksie of aandeelhouers nie. – Red

Meer oor die skrywer: Leopold Scholtz

Leopold Scholtz is 'n onafhanklike politieke kommentator en historikus. Hy is al sedert 1972 as joernalis en historikus werksaam.

Deel van: Meningsvormers

O wee, die gesang is uit! Die kommentaar op hierdie berig is gesluit. Kom kuier gerus lekker verder saam op ’n ander artikel.

2 Kommentare

▲ jongste ▲ oudste ▲ gewildste

Vrijburger

Mmmm wat ‘n artikel waarin jy ook vir Justin Trudeau met Hitler vergelyk?

☺ 4 | 0 ☹ 8 maande gelede | sien reaksie (1)

Julius

Dankie Leopold afrikaans sal bly bestaan solank ons dit praat en julle skrywers dit gebruik.

☺ 3 | 0 ☹ 8 maande gelede

Treurwilger

Kommentare soos dié van Julius is problematies en hopeloos naïef.
Nee, Afrikaans sal hoegenaamd nié (vir akademiese gebruik) voortbestaan as sy ‘voedingsbron’, Afrikaanse skole, uitsterf nie.
Hoe moeilik kan dit nou wees om te begryp?

☺ 1 | -2 ☹ 8 maande gelede

Frans

Die grondwet is net so doeltreffend as die toepassers daarvan.Dit is mooi woorde en niks meer nie,Daar is geen vetoreg vir enige minderheidgroepe nie as van hul regte geskend word nie en as dit nie vir gemeenskaporganisasies was sou Afrikaans van die toneel verdwyn het.
Dit kry ‘n mens nou as jy jou geboortereg vir ‘n pot lensiesop verruil.

☺ 1 | 0 ☹ 8 maande gelede

Marianna

Die afgelope tien jaar het Afrikaans orals afgeneem as gevolg van die aanvalle op die taal van die regering. Afrikaans is uit skole geboender, uit Universiteite. Alles wat nog Afrikaans is moet geinfiltreer word en verwoes word. Uitgewers se boekoplae van Afrikaanse boeke het ‘n groot knou weg. Kinders lees nou eerder Engels omdat hulle in Engelse skole is. Vir skrywers van Afrikaanse kinderboeke is dit net nie meer die moeite werd om in Afrikaans te skryf nie. Afrikaans word orals ingeperk. Dit gaan al meer gebeur want dit word as ‘n wit taal beskou en alvorens die taal nie… Lees meer »

☺ 1 | 0 ☹ 8 maande gelede

Sien meer kommentaar

© 2011 - 2022 Maroela Media. | Bepalings en voorwaardes | Privaatheidsbeleid | Koekies | Handleiding vir toegang tot inligting
Maroela Media is deel van die Solidariteit Beweging.